Ons Predikers 2010

Soos julle almal sekerlik weet, het ons van die beste predikers in die land. Hier-die jaar het julle die gulde geleentheid om van hulle in aksie te sien.

Daar is nou regtig nie een diens wat iemand kan bekostig om te mis nie. Elkeen gaan wonderlik wees en daar sal iets vir elkeen wees om huis toe te vat.

Oud, jonk, groot of klein - daar iets spesiaals vir elkeen van julle!

DVD's van elke diens sal beskikbaar wees.

Die Kinderkerk!

Wat sal ons sê? Nog elke jaar sover was hulle puik en van-jaar sal definitief nie 'n teleurstelling wees nie.

Stuur gerus u kinders Saterdagmiddag om 15:00 (ouers is natuurlik welkom) vir 'n heerlike tyd saam met Jesus en die Kinderkerkspan van MAS!!

Onthou dan ook ons Susters-diens die oggend om 10:00.

Broers...julle is natuurlik ook welkom

Die Jeug!

Wow, dis nou iets wat julle nie moet mis nie. Ons doen 'n toneel oor die hemel en hel met dekor, musiek, toneelspelers en al's waaraan jul kan dink.

Dit begin 18:00 en oud en jonk is welkom.

Sien julle daar!!

Daar is natuurlik deurgaans itemme, danse en allerhande verrassings. Kom ondersteun **Konferensie 2010!!!**